VIC & DUP TRANSCRIPTIONS/DD

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)**

HAAL DEUR WAT NIE VAN TOEPASSING IS NIE
(1) RAPPORTEERBAAR: JA/~~NEE~~
(2) VAN BELANG VIR ANDER REGTERS: JA/~~NEE~~
(3) HERSIEN

DATUM 98.03.31. HANDTEKENING

SAAK NR. 26645/97

DATUM : 12 MAART 1998

In die saak tussen:

**A B F MIDDELBERG**: APPLIKANT

en

**DIE TAKSEERMEESTER EN 4 ANDER**: 1-4-98 RESPONDENTE

---

**U I T S P R A A K**

---

**SPOELSTRA, R**: Hierdie aansoek het ontstaan as 'n dringende aansoek om tersydestelling van taksasie verrigtinge. Die verrigtinge is op meerdere grondslae aangeveg. Slegs een van die grondslae is op hierdie stadium nog ter sake, naamlik dat die verrigtinge onreëlmatig was omdat 'n kostekonsultant wat namens die respondente verskyn het, nie 'n gekwalifiseerde regspraktisyn was nie.

Die aansoek berus die op die uitsprake in Bills of Costs (Pty) Ltd and Another v The Registrar, Cape, N.O. and Another

1979/...

1979(3) SA 923 (AD) en Nedperm Bank Limited v Desbie (Pty) Ltd 1995(2) SA 711 (W).

In beide hierdie sake is beslis dat slegs behoorlik gekwalifiseerde persone in taksasies namens die partye voor die takseermeester mag verskyn. Die rede daarvoor is dat taksasie beskou word as 'n integrale deel van die regsproses waarin die takseermeester nie bloot as 'n administratiewe beampte optree nie maar as 'n verlengstuk van die regbank. Die feite in hierdie saak verskil wesenlik van die feite in bogenoemde sake. Ek sal kortliks na die feite verwys. (10)

Die applikant het verskeie kostebevele teen die respondente verkry. Op 19 Junie 1997 het Van der Merwe, R ondermeer gelas dat die rekeninge gesamentlik vir taksasie voorgelê moet word. Die bevel het voortgespruit uit 'n twis wat ontstaan uit voorafgaande taksasies van die rekeninge, of in elk geval sommige daarvan.

Die taksasie ingevolge daardie bevel het op 6 November 1997 voor die takseermeester begin. Die applikant, 'n prokureur, het persoonlik opgetree. Die respondente was verteenwoordig deur 'n taksasiekonsultant en twee toegelate (20) advokate. Op 7 November 1997 het die applikant gevra dat die verrigtinge uitgestel moet word sodat hy die onderhawige aansoek kan doen, omdat die verrigtinge volgens sy beskouing 'n nietigheid is vanweë die teenwoordigheid van die koste-konsultant en haar deelname aan die verrigtinge.

Daar bestaan op die stukke 'n twis of die applikant by die aanvang van die verrigtinge bewus was dat die kostekonsultant nie geregtig is om in die Hooggeregshof te praktiseer nie. Ek ag dit onnodig om hierdie vraag te beslis. Schutz R het in die Nedperm saak (supra bl. 712) die mening uitgespreek dat (30)

'n/...

dat 'n party nie kan toestem dat 'n ongekwalifiseerde persoon mag optree nie. Dit is ook onnodig om te beslis of daardie mening van Regter Schutz korrek is.

Ek sal die saak beoordeel op die grondslag dat dit geen verskil maak of die applikant van die kostekonsultant se gebrekkige kwalifikasie bewus was al dan nie. Die vraag is of die blote teenwoordigheid van die kostekonsultant en haar deelname aan die verrigtinge, ondanks die teenwoordigheid en bystand van twee behoorlik gekwalifiseerde en toegelate advokate so onreëlmatig is dat dit tot gevolg het dat die verrigtinge nietig is.

Alhoewel die taksasie verrigtinge 'n integrale deel van die regsproses is, wyk die aard daarvan af van die voorafgaande deel van die regsproses. Die doel of oogmerk van taksasie is eerstens om die koste te kwantifiseer en tweedens om te verseker dat die partye wat die koste moet betaal nie te veel betaal nie en dat die suksesvolle party nie tekort gedoen word nie. Mouton and Another v Martine 1968(4) SA 738 (T) op 742. In Botha v Themistocleous 1966(1) SA 107 (T) sê Hill, R op bl. 111:

> "The taxing master is not a judicial officer and is not bound by the strict rules of evidence. He is virtually in the position of an arbitrator or referee appointed to assist the court in determining what a just remuneration should be for an attorney's services in any particular case."

Daar is geen bepaalde prosedure voorgeskryf vir taksasie nie. Die takseermeester bepaal selfs die verloop van die verrigtinge. Wat voor hom plaasvind is in wese 'n debatering van 'n kosterekening. Waar dit nodig mag word, moet hy getuienis aanhoor. Daar is geen rede waarom hy 'n persoon soos

'n kostekonsultant wat 'n kosterekening opgestel het en dit waarskynlik die beste kan toelig, die geleentheid sal ontsê om 'n bydrae te lewer nie. Dit mag vir die behoorlike uitvoering van sy taak selfs noodsaaklik wees.

In die sake waarna hierbo verwys is, was daar geen regsverteenwoordigers teenwoordig nie. In die Bills of Costs saak het 'n kostekonsultant 'n verklarende bevel aangevra dat hy geregtig was om 'n party te verteenwoordig. In die Nedperm saak is beslis dat direkteure en aandeelhouers van 'n maatskappy nie die maatskappy kan verteenwoordig nie. Daar was geen gekwalifiseerde persone in enige van die twee sake by die taksasie teenwoordig nie. Die sake is dus duidelik onderskeibaar van die huidige waar die respondente deur twee advokate verteenwoordig was. Die gebrek wat in elkeen van daardie sake teenwoordig was, is dus hier afwesig. Die onreëlmatigheid waarop die applikant hom beroep, is na my oordeel geen onreëlmatigheid nie en dit kan nie tot gevolg hê dat die verrigtinge nietig is nie.

In die gevolg moet die aansoek van die hand gewys word met koste, insluitende die koste wat op 14 November 1997 deur Mynhardt, R voorbehou is.

26 MAART 1998

**OOSKRYFSTERSERTIFIKAAT**

A B F MIDDELBERG / DIE TAKSEERMEESTER & 4 ANDER

SAAK NR 26645/97

Hierdie saak is verbatim getranskribeer en daarna verander in ooreenstemming met wysigings aangebring deur die regter.

D I DOMONEY : OORSKRYFSTER
VIC & DUP TRANSCRIPTION ENTERPRISES BK